

## Belofte van afsondering tot die Here (OP38)

Num 6:1-21

2 Mei 2021

Ons het vantevore in ons bestudering van Numeri gesien dat die Verbondsgod in die midde van die volk woon. Nie net is die tabernakel die middelpunt van die kamp nie, maar selfs wanneer die volk trek, moes die tabernakel in die middel van die optog gedra word. Verder is die Here heilig. Die gevolg hiervan is dat die Here die verwagting het dat die volk daarom ook die kamp en hulleself rein sou hou. Laasweek het ons gesien dat die Here aan hulle drie opdragte gegee het wat juis dit ten doel gehad het: (1) Hulle moes al die onreines uit die kamp wegstuur, (2) hulle moes dringend enige saak waar 'n medevolksgenoot benadeel is, hanteer deur belydenis te doen en deur onderlinge herstel te bewerk, en (3) hulle moes sake van agterdog, soos wanneer 'n man sy vrou verdink dat sy 'n verhouding met 'n ander man het, voor die Here bring vir uitsluitel. Gehoorsame implementering van hierdie voorskrifte sou hulle instaat stel om te fokus op die aanbidding van God, en ook op die komende stryd om die beloofde land in te neem. Hierdie strewe na reinheid in die oë van die Here, het dit ook duidelik gemaak dat hierdie volk anders is as die ander volke – hulle was afgesonder vir die Verbondsgod.

Vandag kom ons by nog so 'n voorskrif wat die volk verder sou afsonder vir die Here – en dit is die voorskrifte rakende nasireërs, d.w.s. die persone wat 'n besondere nasireërsbelofte wil aflê. Kom ons kyk daarna.

### Die Nasireërs

Weereens, soos met die vorige voorskrifte, kom hierdie voorskrif ook direk van die Here af. Die Here het die voorskrif vir Moses gegee, en Moses moes dit aan die volk oordra.

Vers 2 sê: “Wanneer iemand, 'n man of 'n vrou, 'n besondere nasireërsbelofte aflê om hom aan die Here te wy, moet hy...”. Kan ek ook die ESV se vertaling lees: “When either a man or a woman makes a special vow, the vow of a Nazirite, to separate himself to God, he shall separate himself...”. Hier is 'n paar aspekte wat ons moet raaksien:

- Die woord “nasireër” beteken letterlik “belofte om af te sonder” – dit is hoekom ons in die NAV lees die persoon lê 'n nasireërsbelofte af om hom aan die Here te wy, of soos die ESV dit vertaal “the vow of the Nazirite, to separate himself to God”. Hierdie persone lê dus 'n eed af om hulle aan die Here te wy, of anders uitgedruk, om hulle vir die Here af te sonder. Onthou, die vorige drie voorskrifte in hoofstuk 5 het ook die doel gehad om die volk rein te hou en vir die Here af te sonder.
- Hierdie belofte word 'n “besondere” (of “special”- ESV) nasireërsbelofte genoem. Dit is dus nie gewoon nie, eerder iets uitsonderliks. En sommige kommentatore sien in hierdie term ook 'n aanduiding dat dit 'n “moeilike” belofte is om na te kom.
- Die feit dat ons lees “Wanneer iemand hierdie belofte aflê...” maak dit duidelik dat dit 'n vrywillige besluit deur die betrokke individu was om hierdie belofte af te lê. Dit is dus nie 'n voorskrif waaraan almal in die volk verplig was om deel te neem nie. Nee, 'n individu kon self besluit of hy so 'n belofte wou aflê.
- Beide mans en vrouens kon so 'n nasireërsbelofte aflê. En natuurlik kon enigiemand onder die volk so 'n gelofte aflê. Dit was byvoorbeeld nie net beperk tot die priesters of Leviëte of ander leiers van die volk nie.

- Verder het die persoon wat die belofte aflê die keuse gehad om self te besluit vir hoe lank hy hom wil afsonder/wy aan die Here. Kyk na die begin van vers 4,5 en 6. En in vers 13 ev word die voorskrifte beskryf waaraan die persoon moet voldoen wanneer die periode van sy belofte, oftewel die periode van sy nasireërskap, verby is. Hierdie was dus 'n belofte van 'n individu om hom vir 'n tyd lank op 'n besondere manier aan die Here te wy.

Die bekendste voorbeeld in die Bybel van 'n nasireër waaraan ons tipies dink is seker Simson. Lees Rigter 13:5. Maar Simson se geval is ietwat anders as waarvan ons hier in Numeri 6 lees. Simson was 'n nasireër van sy geboorte af vir die res van sy lewe. Hy was deur die Here geroep om 'n nasireër te wees, aangesien die Here 'n besondere taak vir hom gehad het as rigter. Meeste kommentatore stem saam dat alhoewel daar ooreenkomste is met die praktyk van Num 6, daar ook verskille is. Ander persone wat dikwels as nasireërs gesien word, is Samuel en selfs Johannes die Doper (Luk 1:15). Maar dieselfde opmerking wat ek oor Simson gemaak het, is ook op hulle van toepassing.

Dit blyk dus dat wat Num 6 vir ons beskryf, is 'n situasie waar 'n gewone lid van die volk belooft om hom/haar vir 'n sekere tyd (die lengte van die tyd word deur die individu self besluit) op 'n besondere manier af te sonder en toe te wy aan die Here. Daar kon verskeie redes wees waarom 'n persoon sou besluit om so 'n belofte af te lê: Dit kan wees dat so 'n persoon die behoefte het om homself vir 'n periode na hy hom van 'n sekere sonde bekeer het, intens toe te wy aan die Here. Of miskien wil die persoon aan homself demonstreer dat hy werklik toegewy is aan die Here – meer as aan die alledaagse dinge van die lewe.

#### Voorskrifte aan Nasireërs

Alhoewel daar nie 'n verpligting op almal in die volk gerus het om 'n nasireërsbelofte af te lê nie, en alhoewel daar vryheid bestaan het oor die lengte van die periode van afsondering, was daar sekere voorskrifte waaraan die persoon moes voldoen:

- Die nasireër moes hom weerhou van wyn en bier – lees vers 3. Trouens, die voorskrif het baie verder gestrek as net wyn en bier – hy mag nie asyn drink nie, ook nie druiwesap nie, nie eens druiwe of rosyntjies eet nie – selfs nie druiwepitte of doppe nie. Hy moes hom dus weerhou van enigiets wat 'n wingerdstok voortbring. Let daarop dat hierdie nie 'n voorskrif is aan Christene om hulle te weerhou van alkoholiese drank nie – enersyds nie omdat vers 20 beskryf dat die persoon aan die einde van sy nasireërskap weer wyn mag drink, en andersyds nie omdat Christene dan ook nie druiwe, rosyntjies of druiwesap mag gebruik nie. Calvyn het geredeneer dat daar twee redes is waarom hierdie verbod gegeld het:
  - Gedurende die periode van besondere toewyding moet die persoon niks gebruik wat sy verstand selfs tot die geringste mate sal bedwelm nie.
  - Hier is 'n vrywillige bereidheid om sekere aangename, selfs rein, voorregte soos om druiwe en rosyntjies te eet, op te gee vir die periode om daardeur te demonstreer dat toewyding aan God belangriker is as die gebruik van middele wat normaalweg vrylik gebruik mag word.

Dit is opmerklik dat die priesters in Lev 10:9 die voorskrif ontvang dat hulle geen wyn of bier mag drink wanneer hulle dienswerk in die tabernakel moes gaan verrig nie. Die voorskrif wat hier vir die nasireërs gegee word, is dus beduidend strenger as die voorskrif aan die priesters.

- Die nasireër moes vir die volle duur van sy nasireërsbelofte nie sy hare of sy baard skeer nie, sy hare moes toegelaat word om vrylik te groei (vers 5). Vers 7 verduidelik dit verder as daar staan dat dit die teken is van sy wyding aan God. Dit verwys heelwaarskynlik na die feit dat

die kroon van die hoëpriester in Eks 29:6 ook beskryf word as “nezer”. Netso lees ons in Lev 21:12 dat die olie waarmee die hoëpriester gesalf is, die teken van sy wyding aan die Here was. Die vrylike groei van die hare van die nasireër was die teken waardeur ander kon sien dat hierdie persoon in ‘n periode van nasireërskap was.

- Die nasireër moes ook seker maak dat hy vir die volle periode van sy belofte, nie naby ‘n lyk kom nie – dit is selfs strenger as dat hy nie aan ‘n lyk mag vat nie (vers 6). Selfs al sou sy pa of ma, broer of suster sterf, mog die nasireër geen kontak hê met hulle dooie liggeme nie. In Lev 21:1-2 lees ons dat priesters hulle ook nie aan dooies moes verontreinig nie – maar vir hulle was daardie uitsondering dat hulle toegelaat was om dit te doen wanneer dit hulle pa, ma, seun, dogter, broer of ongetroude suster was. Die hoëpriester was egter verbied om selfs by sy pa of ma se lyk te kom. Ons sien weer, dat die voorskrif aan die nasireër strenger was as aan die priesters – trouens, dit was meer in lyn met die voorskrifte aan die hoëpriester (Lev 21:11).

In verse 9-12 lees ons wat die gevolge was as die nasireërs wel verontreinig was wanneer iemand onverwags in sy omgewing te sterwe gekom het:

- Hy moes deur die proses van reiniging gaan wat 7 dae geduur het
- Hy moes sy hare op die 7de dag afskeer
- Hy moes ‘n duif as sondeoffer, ‘n duif as brandoffer en ‘n lam as skuldoffer bring
- Hy moes daarna van voor af begin met sy periode van afsondering

Calvyn redeneer die nasireërs se voorskrifte rakende dooies was so streng omrede die Here daarmee wou herinner dat dood die gevolg van sonde is, en dus onrein is. Verder moes die nasireër deur sy weerhouding van deelname aan rou oor selfs sy naaste familie, demonstreef dat hy verstaan toewyding aan God oorwin selfs die effek van sonde, dus die dood. Deur jou aan God toe te wy, styg jy uit selfs bo die hartseer wat die dood van ‘n geliefde bring. Is dit nie dalk wat Jesus in gedagte gehad het nie toe Hy gesê het: Laat die dooies hulle eie dooies begrawe?

- Daar was ook spesifieke voorskrifte wat die nasireër moes volg wanneer sy periode van afsondering verby was. Dit word beskryf in verse 13-20. Ons lees dat daar ‘n verskeidenheid offers was wat die persoon moes bring:
  - ‘n Jaar-oud lam as brandoffer, as danksegging
  - ‘n Jaar-oud oilam as sonde-offer, waarskynlik om versoening te doen vir enige sondes wat hy t.p.v. sy toewyding aan die Here gedurende die periode van sy nasireërskap begaan het
  - ‘n Ram as maaltydoffer, saam met ‘n mandjie met ongesuurde brood, ringbrood en roosterkoek met die bybehorende graan- en drankoffer, ook as danksegging
  - ‘n Beweegoffer uit ‘n deel van die maaltydoffer

Verder moes hy ook sy hare afskeer by die ingang van die tabernakel, en die hare moes verbrand word in die vuur saam met die maaltydoffer. Afgesien van al hierdie voorgeskrewe offers, kon die nasireër ook nog enigiets anders bring wat hy vrywillig wou bring.

Wat uitstaan is dat hierdie ‘n duur prys is om te betaal: twee lammers, ‘n ram plus brode, graan en drankoffers. Een kommentator beskryf hierdie offers wat gebring moet word as “extensive, expensive and expressive of total spiritual commitment”.

Beide die voorskrifte waaraan die nasireër tydens sy nasireërskap moes voldoen, wat selfs strenger was as die voorskrifte vir die priesters, en die voorskrifte waaraan hy moes voldoen aan die einde,

het die effek gehad dat enigiemand wat vrywillig so 'n nasireërsbelofte aflê, eers behoorlik moes gaan dink of hy/sy bereid is om die opoffering te maak en die offers te betaal. Hierdie was 'n gewigtige besluit.

#### Is daar Nuwe Testamentiese voorbeelde van Nasireërs?

Die vraag is of hierdie praktyk om 'n nasireërsbelofte af te lê, beperk is tot die Ou Testament? Of is daar ook voorbeelde in die Nuwe Testament? Soos ek vroeër gesê het word daar soms na Johannes die Doper verwys as 'n nasireër. Maar dit is nie presies dieselfde as waarvan ons lees in Num 6 nie. Daar is egter 'n paar voorbeelde wat moontlik soortgelyk is aan Num 6.

Lees Hand 18:18. Die prosedure wat Paulus hier volg, lyk, ten minste gedeeltelik, soortgelyk aan die voorskrif van Num 6. Nog 'n voorbeeld is in Hand 21:23-24 en 26. Hier is daar weer sprake van 'n gelofte wat deur die 4 mans afgelê is, hulle hare wat afgesny moes word aan die einde van die periode en ook 'n offer wat gebring moes word. Maar laat ek direk byvoeg: ek dink hierdie gebeure toon nog oorblyfsels van Ou Testamentiese praktyke. Fisiese offers is tog afgeskaf nadat Jesus die volmaakte offer gebring het. Ons sal dus bietjie harder moet dink aan wat die ekwivalente Nuwe Testamentiese praktyk is waarvoor ons moet besin.

#### Nuwe Testamentiese ekwivalent aan 'n nasireërsbelofte

Kom ons som op wat die aard van die nasireër in die Ou Testament was: Die nasireër was 'n gewone lid van die volk, nie iemand met 'n spesiale roeping of taak soos priester, Leviet, profeet of koning nie. Mans en vrouens kon dit aflê. Dit was 'n vrywillige besluit van die persoon self. En dit was 'n belofte om hom vir 'n periode af te sonder deur hom van sekere gebruike, wat onder normale omstandighede heeltemal aanvaarbaar sou wees, te weerhou en hom in besonder aan die Here toe te wy.

Wat ons dus nie in gedagte moet hê nie, is iemand wat geroep word om 'n sekere amptelike rol te vervul nie – iemand soos 'n dominee of 'n ouderling of 'n sendeling nie. Nee, ons moet dink aan gewone gelowiges. Natuurlik kan dominees of ouderlinge ook so 'n belofte aflê, maar dan doen hulle dit as gelowiges. Soos ek aan die begin genoem het, het iemand waarskynlik so 'n belofte afgelê na hy hom van 'n sekere sonde bekeer het, en hom nou doelbewus aan die Here wou toewy. Of miskien wil die persoon aan homself demonstreer dat hy werklik toegewy is aan die Here – meer as aan die alledaagse dinge van die lewe.

Kom ons kyk na 'n paar dinge wat Paulus geskryf het. In Rom 12:1-2 roep hy alle gelowiges op dat hulle hulleself aan God moet toewy as lewende, heilige en God welgevallige offers. Hy sê dit impliseer dat God ons denke moet vernuwe, sodat ons sodoende kan onderskei wat sulke offers is, en wat dus vir God goed, aanneemlik en volmaak is. Maar let op: alle gelowiges moet dit doen.

Lees Fil 4:10-13. Hier beskryf Paulus dat hy geleer het om in alle omstandighede vergenoegd te wees – maak nie saak of dit armoede of oorvloed is nie. Nou, dit is natuurlik iets wat Paulus moes leer as gevolg van sy rol as apostel. Maar dit is iets wat hy moes leer – nie alle gelowiges hoef dit te leer tot dieselfde mate nie, nie almal word tot dieselfde mate hierin getoets nie. Ek dink dat as ons in 'n soortgelyke posisie as Paulus is, dit goed sal wees om jouself vir 'n periode af te sonder en jouself te weerhou van oorvloed, en spesifiek op God te fokus – sodat jy kan leer hoe om sulke situasies te hanteer en gereed kan wees wanneer hulle kom. Dit sal nuttig wees om jou sodoende voor te berei as jy bewus word dit is iets wat jy in die toekoms kan verwag.

Dit kan ook wees dat daar 'n sekere saak is waarmee jy worstel: dit kan leerstellig wees, dit kan ook 'n situasie wees wat jy in jou lewe moet hanteer, dit kan 'n sonde wees waarmee jy worstel, dit kan

uit dankbaarheid teenoor God wees dat jy 'n sekere sonde reeds afgelê het. En dan onderneem jy om jou vir 'n periode af te sonder, sekere voorregte te ontsê en spesifiek op hierdie saak te fokus en dit met God uit te klaar, of jou dankbaarheid teenoor God te betuig.

Ons moet onthou wat Jesus in Luk 14:26-27 geleer het: Die lewe van 'n gelowige word gekenmerk deur kruisdra. Dit kan wees dat jy moet afstand doen van jou pa of ma, of vrou of kinders. Dit is moeilik. In vers 28 sê Jesus as dissipel moet ons die koste bereken. Miskien is dit hierdie kosteberekening wat ons moet doen in 'n periode van vrywillige afsondering en weerhouding van sekere voorregte, om vas te stel of ons gereed is om die prys te betaal.

Maar let op, die periode van afsondering beteken nie dat jy jou volledig onttrek van die lewe nie. Jy weerhou jou net van sekere voorregte. Die nasireërs in die Ou Testament het nie alle kos vermy nie, net die vrugte van die wingerdstok. Hulle het steeds kontak met familie gehad, maar net nie met dooies nie – want kontak met dooies staan in skille kontras met 'n besondere fokus op en gemeenskap met God wat die bron van lewe is. Dink aan Jesus se voorskrif rondom tye van vas in Mat 6:16-17 – al vas jy, versorg jou hare en was jou gesig. Jy soek nie erkenning van ander mense nie, jy soek juis na beloning van jou Hemelse Vader. In so 'n periode van afsondering hoef gelowiges dus nie 'n kloosterbestaan te ly nie – hulle weerhou hulle net van sekere voorregte om hulle aandag op God te fokus.

In die Ou Testament was die voorskrifte vir nasireërs streng – selfs strenger as vir die priesters. Dieselfde geld vir ons in so 'n periode van afsondering en toewyding. Ons behoort te verstaan dat ons ons verbind om selfs meer nougeset te wees as wat God tipies verwag van geestelike leiers. As jy werklik smag na hierdie intieme gemeenskap met God, bring dit hoë eise.

Onthou verder: hierdie is 'n vrywillige besluit van die individu. Maar as jy jou hiertoe verbind het, moet jy dit hou. Onthou wat Pred 5:4 ons leer: “Dit is beter dat jy nie belowe nie, as wat jy belowe en nie betaal nie”. As jy jou verbind om, kom ons sê maar vir 'n maand, sekere voorregte te ontsê sodat jy jou met aandag kan toelê op gemeenskap met God, verwag God van jou om jou onderneming gestand te doen. Die prys kan hoog wees, maar jy het jou vrywillig hiertoe verbind, en God verwag dan dat jy jou by jou onderneming sal hou.

Ter afsluiting: kan ek jou herinner aan die prentjie wat besig is om te ontwikkel in Numeri: Net voor die volk vertrek om die beloofde land in te neem, gee God hulle 'n paar spesifieke opdragte: verwyder almal wat onrein is uit die kamp, hanteer alle gevalle in julle midde waar iemand sy medevolksgenoot benadeel het, hanteer alle gevalle van agterdog, ook binne julle huwelikke. En nou voeg God by: daar is 'n plek vir nasireërsbeloftes – vir individue wat hulle op 'n besondere manier vir 'n tyd lank wil afsonder en aan Hom wil wy. Die prys is hoog, maar hulle kan ook verwag om baie seën daaruit te ontvang in die twee take waarop hulle voortaan moet fokus: aanbidding van God, en stryd om die beloofde land in te neem. Dit is ook geldig vir ons: periodes van toewyding aan God sal ook vir ons tot seën wees in ons aanbidding van God, en stryd om die realisering van God se koninkryk. Maar as jy besluit om dit te doen, doen dit met die nodige erns!